# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## NOVEMBER EKSAMEN 2019

## VRAESTEL 3

**GRAAD 10**

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 100**

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 8 BLADSYE

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | OPSTEL | [50] |
| AFDELING B: | LANG TRANSAKSIONELE TEKS | [30] |
| AFDELING C: | KORT TRANSAKSIONELE TEKS | [20] |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir ELKE afdeling skryf.

6. ALLE beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd so:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies **EEN** onderwerp en skryf **150-200** woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Onthou om die nodige **beplanning** te doen.

1.1 Ek het dit baie geniet toe..... [50]

1.2 Die belangrikste kontak op my selfoon. [50]

1.3 Mensehandel is wêreldwyd 'n groot probleem. [50]

1.4 .... en dit is waarom hy/sy so belangrik in my lewe is! [50]

1.5 Die foto's teen my kamermuur. [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer en die titel van jou opstel neer.


LET WEL: **Daar moet 'n DUIDELIKE verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.**

1.6.1




[50]

1.6.2



[50]

1.6.3




k22497989 www.fotosearch.com

[50]

**TOTAAL VIR AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Onthou om die nodige beplanning te doen.

### 2.1 Huldeblyk



Jou ouma is na 'n lang siekbed oorlede. Jy is gevra om die huldeblyk by haar begrafnis te gee.

Skryf die huldeblyk neer. [30]

### 2.2 Vriendskaplike Brief



Jou beste maat word geboelie.
Skryf 'n brief aan hom/haar en gee raad oor hoe hy/sy die situasie kan hanteer. [30]


**2.3 Toespraak**




Jy is gevra om 'n toespraak by die Verenigde Nasies oor klimaatsverandering te lewer.

Skryf die toespraak neer. [30]

**2.4 Dialoog**



Jy moet leer vir die eksamen wat voorlê. Jou ma stap in jou kamer in en jy is besig op jou selfoon in plaas daarvan om te leer. Sy wil jou selfoon vat.

Skryf die dialoog tussen jou en jou ma neer. [30]


**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Wys jou beplanning.

### 3.1 Rigtingaanwysings



Jou maat van Kaapstad kom vir jou in Hillcrest kuier. Hy/Sy kom met die vliegtuig en was nog nooit by jou huis nie.


Skryf vir hom/haar rigtingaanwysings neer oor hoe om van die lughawe tot by jou huis te kom. [20]


### 3.2 Plakkaat



Jy en jou maats het besluit om 'n musiekkonsert by julle skool te reël. Ontwerp 'n plakkaat om mense van die konsert te vertel en hulle daarheen uit te nooi. [20]

### 3.3 Poskaart






Jy is op 'n reis in 'n eksotiese land.

Skryf 'n poskaart aan jou ouers en vertel hulle van die wonderlike plek wat jy besoek.

Gebruik die formaat van die poskaart. [20]

### 3.4 Dagboekinskrywing




Julle het getrek en jy moet na 'n nuwe skool toe gaan.

Maak 2 dagboekinskrywings oor hoe jy voel

- die aand voordat jy na die nuwe skool toe gaan.
- Die aand nadat jy by die nuwe skool begin het. [20]

**TOTAAL VAN AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: [100]**